Publication: Rapport (Gauteng), Beleef

Date: Sunday, June 05, 2022

Page: 16



Kontak ons gerus: Beleef-redakteur: Alet Wichmann – alet@media24.com; kosblad: Anél Potgieter – anelpot@gmail.com; flieks: Leon van Nierop – leon@vannierop.co.za; motors: Egmont Sippel – esippel@mweb.co.za.

Nico van Gijsen



**Raad met jou rande**



Jy weet nie in jou jong dae wat jou oudag gaan inhou nie. | FOTO'S: ISTOCK



# Die lewe loop sy eie pad met jou

## Jy kan nie net beplan vir wat jy wil nie, beplan ook vir 'wat as'

Ons, oudlede van die polisie se spesiale taakmag, is besig om finaal van een van sy stigterslede, Roelf (Hagar) du Plooy, afskeid te neem.

Die spesiale taakmag is die polisie se elite-gevegseenheid. Wanneer dinge regtig erg raak, wanneer die skote klap, wanneer ander koes en hardloop, is dit die "takies" wat ingaan en sake uitstryk. Rateltaai. Onverskrokke.

In ons koppe onaantasbaar. Vyf skote uit 'n AK47-aanvalsgeweer deur sy lyf destyds kon ons vriend Hagar nie platkry nie. Hy het selfs later, met skrapnel van die AK-koeëls steeds in sy lyf, by die weermag se verkenningskommando's aangesluit en was jare lank ook 'n recce voor hy afgetree het.

Uiteindelik was dit kanker wat ons oud-makker afgetakel het. Ons is almal kwesbaar. Die lewe loop sy pad met jou nes hy wil.

Met die persoonlike ervaring as vertrekpunt, wil ek kom by die punt vir vandag se bespreking. Jy kan nie beplan net vir wat jy wil nie. Jy moet ook beplan vir "wat as . . .?"

'n Gevreesde siekte soos kanker kan 'n lang en uitmergelende lyding bring. So ook Alzheimer se siekte. 'n Vriend se ma het vir tien jaar lank daarmee geworstel voor die dood genadiglik ingetree het. 'n Hartaanval, of beroerte, wat nie noodlottig is nie, kan eweneens die lewe soos jy dit geken het, tot stilstand ruk.

En dit raak nie net die een wat siek word nie. Dit kan ook persoonlike en finansiële gevolge inhou vir geliefdes rondom daardie persoon.

Hier is 'n paar punte rakende die werklikheid waaraan jy gerus kan dink.

### Tuisversorging

Geld gaan nie die pasiënt se lyding verlig nie. Maar as hy nie genoeg geld het nie, kan dit beteken dat geliefdes prakties gevange gehou word as die siek persoon so verswak dat hy of sy heeltyd versorging nodig het.

Dink aan kinders in die huis. Gaan hulle 'n kamer moet afstaan? Gaan hulle elke dag moet toekyk hoe die dood nader kruip? Dit kan emosioneel erg skade aanrig.

Dink aan diegene wat voltyds werk. Gaan iemand sy of haar werk moet opgee om oppasser te wees? En so verdere finansiële ellende skep.

### Mediese skema

Dit is waarskynlik nuus vir baie mense, maar jou mediese skema dek jou nie vir alles nie. Nie naastenby nie. Nie eens die skemas met die beste voordele nie.

Natuurlik moet jy 'n mediese skema hê. En wat my aanbetref, die beste wat jy kan bekostig. Maar almal het beperkinge.

Baie mense glo ook hulle bespaar baie geld deur net 'n hospitaalplan uit te neem. Ek wonder egter hoeveel weet dat jy net behandeling in 'n hospitaal kry vir solank jy behandel kan word met die oog op herstel. Hospitale is nie die plek vir mense wat terminaal is en nie verdere behandeling kry nie.

Mediese skemas betaal nie uit vir lewenstylaanpassings wat gemaak moet word nie. Daarvoor is 'n ander plan nodig.

### Gevreesde-siektedekking

Die sekerste oplossing, vanuit 'n finansiële oogpunt, is myns insiens, om genoeg dekking teen gevreesde siekte uit te neem. Daar is 'n klomp siektetoestande waarteen jy jou kan verseker, waarvan kanker, hartaanval, beroerte en alzheimers of demensie dalk die bekendste is.

So 'n siektepolis dek nie jou mediese uitgawes nie, dis nie die doel daarvan nie, hoewel as dit uitbetaal jy natuurlik die geld kan aanwend soos jy wil, of soos jy nodig het.

Die polis sal geld voorsien om versorgers te betaal as dit nodig is. Of om 'n versorgingsoord te kan bekostig, waar jy professionele versorging kan kry en so die druk op geliefdes tuis verlig.

As jy aan die ouer kant van die lewe staan, of reeds nie te gesond is nie, kan so 'n polis nogal duur wees.

Maar vir my is hierdie een van die belangrikste finansiële beplanningsprodukte. Ek het al gesien hoe die gevolge van 'n gevreesde siekte mense kan arm maak. Nie noodwendig die siek persoon nie, juis diegene óm hom of haar.

### Lewenspolis

Moenie die waarde van 'n lewenspolis onderskat nie.

Ek waarsku altyd mense om nie sommer 'n lewenspolis te kanselleer nie, al is jy in jou later jare en meen jy het die dekking nie meer nodig nie.

Eerstens, dit is net logies om nie iets waaraan jy jare lank betaal het en waaruit ander kan voordeel trek, te gaan wegsmyt nie. Dis 'n gewaarborgde opbrengs, mens. Die sekerste wat jy kan kry. Doodseker.

Tweedens, in ooreenstemming met ons onderwerp vandag, 'n lewenspolis kan uitbetaal sodra die diagnose terminaal is. Dit kan baie van die probleme wat ek hierbo noem, oplos. Soos om behoorlike versorging te kan bekostig en die siek persoon se laaste dae dalk net bietjie meer draaglik te maak, met minder bekommernis oor naasbestaandes.

Soos ek met my inleidende paragrawe probeer aandui het, ons is uiteindelik almal tasbaar. Selfs die sterkste en taaiste onder ons. So 'n gevreesde siekte bring nie net lyding en hartseer nie. Dit bring 'n baie besliste finansiële gevolg, wat vir naasbestaandes en geliefdes hartseer en finansiële ellende kan bring as daar nie voorsiening gemaak is nie.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.